higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B
	1.1.2	B
	1.1.3	C
	1.1.4	A
	1.1.5	B
	1.1.6	A
	1.1.7	A
	1.1.8	A
	1.1.9	B
	1.1.10	A
	1.1.11	C
	1.1.12	C
	1.1.13	B
	1.1.14	A
	1.1.15	A

(15 × 1) (15)

1.2	1.2.1	Dit is ‘n plan van hoeveel die onderneming in ‘n bepaalde tydperk gaan spandeer.
	1.2.2	Masjinerie of toerusting wat ontwerp is om ‘n taak makliker te maak.
	1.2.3	‘n Maatskappy of individu wat aanbied om die dienste teen ‘n fooi aan die hoofkontrakteur te lewer.
	1.2.4	Houding en ingesteldheid teenoor ‘n mens se werk.
	1.2.5	‘n Dokument wat die sakedoelwitte en hoe jy dit gaan bereik, uiteensit.

(5 × 2) (10)

1.3	1.3.1	Onwaar
	1.3.2	Waar
	1.3.3	Waar
	1.3.4	Onwaar
	1.3.5	Waar

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Produksie✓ − skakel met finansies om geld te versoek om die bestanddele en ander materiaal te koop ✓
- Finansies✓ − verantwoordelik vir die optekening van die maatskappy se finansiële inligting en die opstel van die begrotings vir ander sake-eenhede✓
- Verkope en bemarking✓ − voorsien kliënteterugvoering aan die res van die onderneming en doen marknavorsing oor verbruikers se behoeftes sodat die onderneming produkte kan produseer wat in daardie behoeftes voorsien✓
- Menslike hulpbronne✓ − werf werknemers vir alle stelsels en maak seker dat werknemers opgelei en vergoed word, en arbeidswette nakom ✓
- Administrasie✓ − maak seker dat behoorlike liassering en rekordhouding gedoen word, en hanteer klantenavrae✓
- Navorsing en ontwikkeling✓ − N&O werk nou saam met al die ander departemente; dit word deur verkope en bemarking ingelig oor kwessies rakende die gewildheid van produkte, en finansies verseker dat die navorsingsdoelwitte nie die begrotings oorskry nie✓ (Enige relevante verduideliking 6 × 2) (12)

2.2
- Elain moet seker maak dat die plan waarskynlik een van talle is waaraan die personeel reeds werk. Sy moet seker maak dat werkers wat ook ander sperdatums het nie oorlaai word nie.
- Sy moet seker maak dat personeel duidelike opdragte deur middel van betroubare kommunikasiekanale ontvang, byvoorbeeld, persoonlik of per e-pos.
- Maak seker dat werknemers weet wat die gesagslyne is; teenoor wie hulle aanspreeklik is vir ‘n bepaalde aktiwiteit.
- Elain moet werknemers prys as hulle goeie werk doen, omdat erkenning motivering verhoog.
- Sy moet seker maak dat, indien die werk nie betyds voltooi word nie of die gehalte swak is, dit op so ‘n manier hanteer word dat werknemers uit hul foute kan leer. (5 × 2) (10)

2.3
- Hulpbronne moet goedgekeur en in die begroting genoem word. ✓✓
- Slegs bepaalde mense op die bedryfspan moet gemagtig wees om hulpbronne aan te vra, en dubbele magtiging kan soms nodig wees. ✓✓
- Wie ook al vir aflewering van ‘n produk of lewering van ‘n diens teken, moes dit gesien het. ✓✓
- Betaling word eers gedoen wanneer daar ‘n drieledige ooreenstemming kis tussen dit wat bestel is, dit wat ontvang is end it wat op die faktuur verskyn. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Omgewingsrisiko's: ✓ Elain moet seker maak dat BGA se werksaamhede nie die omgewing benadeel nie. ✓ Sy moet vir onverwagte omgewingsverskynsels soos donderstorms, oorstromings,, ens. beplan.
- Bedryfsrisiko's: ✓ Elain moet voorberei vir risiko's van verlies weens interne prosesse of eksterne gebeure wat dikwels onvoorspelbaar is. ✓
- Tegnologiese risiko's: ✓ Risiko's van verlies weens defektiewe masjiene, rekenaars en ander toestelle wat die werk moet vergemaklik. ✓
- Regsnakomingsrisiko's: ✓ Elain moet verseker dat BGA alle sakewetgewing ten volle nakom. ✓
- Gesondheids-en-veiligheidsrisiko's: Dit is Elain se verantwoordelikheid om seker te maak dat die gesondheids-en-veiligheidsrisiko's wat die onderneming se bedrywighede kan beinvloed, identifiseer word. (Enige 4 × 2) (8)

2.5
- Verhouding met lynbestuurders
- Vaardigheidsvlakke
- Spanwerk
- Motiveringsvlakke
- Siekte (5 × 1) (5)

[41]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Dinkskrums:✓ Elain moet werknemers aanmoedig om hul ervaring in die werkplek te gebruik om na vore te kom met nuwe idees oor hoe om die bedryfsake te verbeter ✓
- Fokusgroepe:✓ Maak seker dat klein groepies individue wat uit alle vlakke van die onderneming gekies is, die verantwoordelikheid kry om ondersoek in te stel na maniere om gehalte te verbeter✓
- Kontrolelyste:✓ Dit is 'n goeie manier om die belangrikheid daarvan te beklemtoon om bepaalde take as deel van 'n algehele proses uit te voer✓
- Diagramme en grafieke:✓ Maak seker dat dit gebruik word om statistiese data met betrekking tot prosedures te ontleed en eenvoudig visueel voor te stel ✓ (4 × 2) (8)

3.1.2
- Inspeksie:✓ Sy moet verseker dat prosedures gevolg word en dat tyd en koste in aanmerking geneem word✓
- Nul defekte:✓ Sy moet beklemtoon hoe belangrik dit is om dinge die eerste keer reg te kry ten einde defekte uit te skakel en koste te verlaag.✓
- Normstelling:✓ Elain moet weet watter hoë standaarde mededingers handhaaf en probeer om dit te ewenaar of daarop te verbeter.✓ (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2
- Dit dien as ‘n kontrolelys vir diegene wat by die implementering van die plan betrokke is, sodat hulle kan sien watter take afgehandel is en watter take uitstaande is.
- Stel die beplanners in staat om areas of take wat problematies kan wees te identifiseer, byvoorbeeld besems wat wegraak
- Verskaf ‘n sigbare fokus vir elke departement, in plaas daarvan dat hulle net ‘n rowwe idee het van wat gedoen moet word
- Maak seker dat almal na gemeenskaplike doelwitte streef. Oorvleuelende take sal vermy word.
- Illustreer die realiteit van wat gedoen moet word sodat daar nie later verrassings is nie. (5 × 2) (10)

3.3
- Spesifiek: ✓ die plan moet daarop gerig wees om ‘n spesifieke doelwit te bereik✓
- Meetbaar: ✓ moet moontlik wees om die vordering ter bereiking van die mikpunte te meet ten einde die plan jit te voer✓
- Ooreenkom (‘Agreed’): ✓ alle rolspelers moet ooreenkom oor die implementering van die plan✓
- Realisties: ✓ die doelstelling moet die gestelde doelwit verteenwoordig✓
- Tydsgebonde: ✓ ‘n doelstelling moet binne ‘n spesifieke tydperk gegrond wees✓

(5 × 2) (10)

3.4
- Rekenaars
- Telefone
- Wasbakke
- Spieëls
- Haardroërs
- Kabinette (Enige relevante 5 × 1) (5)

[39]

VRAAG 4

4.1
- Deursigtigheid:✓− BGA verseker dat elke werknemer weet wat hulle beleid bepaal en stel dit op die internet beskikbaar✓
- Morele standaarde:✓ − BGA is ‘n onderneming met winsoogmerk, en verbind hulle daartoe om sommige van hierdie winste in die gemeenskap terug te ploeg ✓
- Gehalte:✓ − BGA maak seker dat hulle klante kry waarvoor hulle betaal✓
- Etiese standaarde:✓ − BGA maak seker dat hulle toegewyde en lojale werkers aanstel✓ (4 × 2) (8)

4.2
- Substandaard- of defektiewe produkte
- Verlies aan klante
- Verlies aan produksietyd
- Verkwiste materiaal
- Plaas personeel in gevaar
- Omgewingskade
- Skade aan masjinerie (Enige 6 × 1) (6)

4.3 BGA moet:
- Verseker dat alle personeel met gehaltestelsels en -prosedures vertroud is.
- Die verbintenis en toewyding van personeel verkry.
- Selfevalueringsprosesse ontwikkel sodat gehalte gemeet kan word.
- Deurlopend gehaltestelsels hersien. (Enige 3 × 2) (6)

4.4 4.4.1
- Doelwitte en doelstellings:✓ − Die doel van die plan en die belangrikheid daarvan moet duidelik uiteengesit word.✓
- Aktiwiteite:✓ −Individuele rolle moet identifiseer en uitgevoer word.✓
- Tydsraamwerke:✓ − Hoeveel klante die gastehuis per dag, week of maand kan akkommodeer.✓
- Verantwoordelike persone:✓ − Duidelikheid oor wie wat doen en saam met wie hulle sal werk.✓
- Hulpbronne:✓ − Die nodige materiaal en toerusting moet aan ‘n tersaaklike werknemer of groep werknemers toegewys word.✓

(5 × 2) (10)

4.4.2
- Interne hulpbronne se dienslewering is minder effektief as sub-kontrakteurs, bv. werknemers doen nie hulle werk behoorlik nie.
- Subkontrakteurs oorskry begrotings en kom nie sperdatums na nie.
- Onbetroubare afleweringstye weens onbetroubare verskaffers
- Personeelafwesigheid
- Interne onenigheid as gevolg van swak spanwerk
- Onvoldoende of onversoenbare tegnologie
- Stakings deur werknemers weens loongeskille en ander faktore.

(Enige 5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150